# <u>Die Huwelikstas</u>

**Deur Nicola Prinsloo**

**Ouderdom:** 17-25
**Hoofkarakter:** ‘n Getroude vrou
**Lengte:** 4-5 minute
**Agtergrond:** ‘n Vrou konfronteer haar man oor geheime wat hy vir haar hou. Veral oor die vrou wat sy kind het.

(Sit op stoel net so regs van Centre Stage) Marius, ons moet praat. (maak asof hy iets gesê het) Ja! Ons gaan hieroor praat totdat ek ‘n reguit antwoord gekry het! Daardie vrou… jy spandeer elke sekonde wat jy kan met daardie vrou! Wat doen julle as julle alleen is? Wat doen julle, Marius?! Wat doen julle?!?! (Maak of hy jou deur die gesig geslaan het)

Onthou jy ooit nog ons troudag? Ek doen… (Maak of jy by die gang van die kerk afloop) Ek onthou nog hoe ek by daardie gang afgestap het en in jou potblou oë ingekyk het. Al wat ek kon sien was liefde. Ek onthou toe ek by jou aangekom het, het jy vir my gesê dat ek jou droomvrou is… Nou as ek jou droomvrou is, wat is sy? Wat is sy vir jou? Moenie vir my lieg nie. Dis reg. Moet my nie antwoord nie.

Ek onthou wat die dominee vir ons gesê het. Hy het gesê dat elke persoon deur die lewe stap met hul eie tas. (Sleep ‘n wielietjiestas agterna) ‘n Tas waarin hulle al hul geheime en herinneringe sit. Dan wanneer ‘n man en vrou trou, wanneer hulle hul lewe en liefde aan een ander persoon beloof, (Sit die tas neer, maak hom oop en haal foto’s en papiere uit) haal hulle elkeen dinge uit hul tas wat hulle vir ewig wil onthou of wegsteek, uit. Hulle sit al daardie dinge in een groot tas. Kan jy onthou wat hy daardie tas genoem het, Marius? (wag ‘n rukkie) Natuurlik nie… ‘n Huwelikstas. Hoor jy dit? Huwelik. Nie wat ook al ons het nie.

Elke keer wat ek daardie tas oopmaak, sien ek dit. Jy dink nog ek weet nie… Jy en daardie vrou het ‘n kind saam! Is dit wat julle doen as julle saam is? Vat vir klein tjokkerkie na die parkie en wees en een gelukkige gesin! Was dit voor my gewees? Antwoord my, Marius! (Maak asof hy jou slaan en val op die grond)

Ja, slaan my maar sooswat jy altyd doen…Moet nie aan my vat nie! (Staan op en beweeg weg) Moet nooit weer aan my vat nie! … Ek dra jou ring. EK het vir jou ja gesê, Marius. Ek weet nie wat my besiel het om dit te doen nie. Ek trek dit terug. Nee! Moenie iets sê nie… (Haal ring van jou finger af) Ek is moeg vir al jou soetpratery en geskenke. Ek is moeg vir die steek van jou plat hand op my lyf. Vir jou vuiste. Vir jou leuens… (Sit die ring op die tafel neer) Ek is klaar… (Draai om en stap weg)